# MIDSTREAM COLLEGE

Omsendskrywe 01/2023
19 Januarie 2023

☎ 012 661 2341 🖷 012 661 2340
college@midstreamcollege.co.za

## Skoolsake

### UIT DIE HOOF SE KANTOOR

> Reflect upon your present blessings—of which every man has many—not on your past misfortunes, of which all men have some.
>
> Charles Dickens

Gedurende die eerste paar weke van Januarie het ek opnuut besef hoe geseënd ons by Midstream College is. Daar is voorwaar baie om voor dankbaar te wees. Nie alleen het ons 'n rekordgetal van 1 184 leerders in die College nie, maar danksy die milde reën in Desember is die terrein in 'n beter toestand as ooit. 'n Terugblik op die vele prestasies van 2022 voorspel positiewe geleenthede vir die nuwe skooljaar.

Baie welkom terug aan ons lojale leerders, ouers en onderwysers en 'n spesiale #MidstreamPower aan al die nuwe gesigte in ons midde. Ek verwelkom graag mnr Pieter van Wyk (Adjunkhoof: Dissipline) en mnr Joe Cloete (Adjunkhoof: Fasiliteite) in die College-familie. Mnr van Wyk neem mnr Verster se pligte oor wat op sy beurt mnr Van Vreden se portefeuljes oorneem. Raadpleeg gerus ons nuwe webblad en sosialemediaplatforms rakende besonderhede rondom die nuwe gesigte op ons personeel.

Ons is ongelooflik trots op ons matrieks van 2022 wat gister hul uitslae ontvang het. Nie net het hulle 'n 100%-slaagsyfer nie, maar 99.5% kwalifiseer vir graadstudies – die beste nog. Baie geluk aan Kelsey Mitchell, Anchal Chathury en Krishnaraj Eswari Niranjan wat elk 10 onderskeidings behaal het. Geluk ook aan Kelsey, vir 5 jaar ons Dux-leerder, met haar gemiddeld van 95,57%. Ons het 11 leerders op die IEB se toppresteerderslys, die meeste van enige skool in die land. Ons is ook trots op Drew Goatley, hoofmeisie, met haar 9 A's en die hoofseun, Reneev Govender, met sy 8 A's. Ons salueer julle! Meer besonderhede volg ook later in die nuusbrief.

Die interhuisswem verlede Vrydag het die sport op 'n hoogtepunt laat afskop en ons sien uit na die interhuisatletiek môre. Ek hoop om baie ouers daar te sien en u word daaraan herinner dat u altyd welkom by die skool is. Weens sekuriteits- en veiligheidsredes mag u ongelukkig nie die skoolterrein per voertuig betree nie. Help ons asseblief in hierdie verband en laat die wagte toe om hul belangrike werk onverstoord te doen. My wens vir elke leerder, ouer en onderwyser is 'n half-vol-glas-2023 met harte vol van dankbaarheid.

## TELEFONIESE KOMMUNIKASIE

Die gereelde beurtkrag het 'n nadelige uitwerking op ons telefoonstelsel. Indien u ons nie tydens beurtkrag kan kontak nie, stuur asseblief 'n e-pos aan die betrokke persoon. Alle personeel se e-posadresse word op ons webwerf gelys onder Personeel onder die *Oor Ons*-oortjie (TAB).

## NUWE WEBBLAD

Na 15 jaar van Excellentia, is daar besluit om ons skool se webblad met 'n vars en moderne weergawe te vervang. Ons hoop die nuwe uitleg en meer visuele navigasie sal besoekers in staat stel om dit waarna hul soek, vinniger en makliker, te vind.

Ons gedrukte dagboek is met 'n elektroniese dagboek vervang wat Google Calendar gebruik. Daar word voortdurend inligting in die dagboek bygewerk om te verseker dat ons ouers op hoogte bly. Roosters en programme word ook in die dagboek aangebring en toegang kan verkry word deur op die betrokke aktiwiteit te klik. Oefentye, betrokke lokale asook ander inligting wat op leerders van toepassing is, word op leerders se tablette geplaas.

Daar is ‘n skakel op die webblad na Ed-admin, asook leerders se skool-e-posadres.

Ons hoop u geniet die nuwe uitleg en verbeterde navigasie.

## GRAAD 8-INHULDIGINGSFUNKSIE

Ons wil graag al die graadagtouers bedank vir hul ondersteuning met die oriëntering. Die oriëntering word volgende Donderdagaand met die inhuldigingsfunksie in die saal afgesluit. Die inhuldigingsfunksie vind op Donderdag 26 Januarie vanaf 18:30 tot 20:00 plaas om meer ouers die geleentheid te gun om dit by te woon.

Die graadagts moet dus Donderdagoggend met hul huisdrag skool toe kom. Vir die inhuldigingsfunksie moet hulle in volle skooldrag geklee wees - seuns (baadjies en dasse) en dogters (baadjies).

# AKADEMIE

## MATRIEKUITSLAE

Die klas van 2022 het ons besonder trots gemaak met hulle briljante uitslae. Hulle het ‘n 100%-slaagsyfer behaal en die 197 matrieks het ‘n totaal van 570 onderskeidings behaal (2,9 per kandidaat). 99,5% het aan die vereistes vir Baccalaureus-graadstudies aan ‘n universiteit voldoen. Voorts het elke vak wat by Midstream College aangebied word, ‘n gemiddeld bo die IEB se nasionale vakgemiddeld behaal.

Ons is besonder trots op die toppresteerders (aantal onderskeidings in hakies): Anchal Chathury, Krishnaraj Eswari Niranjan en Kelsey Mitchell (10), Francois Beukes, Drew Goatley, Nicole Gottschick, Jessica Kirkby, Philip Male, Christa-Marié Pienaar, Anja van der Merwe, Annika van der Walt en Kasmira Vather (9), Reneev Govender, Megan Jansen van Vuuren, Veronique Rossouw, Nicolaas Verhoef en Megan Weber (8). ‘n Verdere 14 kandidate het elk sewe onderskeidings behaal.

Daarbenewens is 13 matieks, te wete Nicole Gottschick, Drew Goatley, Jessica Kirkby, Kelsey Mitchell, Linamarie Nothnagel, Veronique Rossouw, Nicolaas Verhoef, Anja van der Merwe, Annika van der Walt, Kasmira Vather, Anchal Chathury, Philip Male en Samantha Smit op die IEB se toppresteerderslys met hulle skitterende prestasies. Dit is die meeste van enige privaat skool in die land! (Besoek ons webtuiste vir meer besonderhede.)

## EKSTRA KLASSE

Alle personeellede is per afspraak op Maandae van 14:00 tot 15:00 beskikbaar om leerders met akademiese navrae te help.

## HALFJAAR- EN EINDJAAREKSAMENS

U aandag word daarop gevestig dat beide hierdie eksamens tot aan die einde van die kwartaal strek (sien skoolkalender op ons webtuiste) en dat alle leerders ook op die laaste dag kan skryf. Ouers wat oorsese vakansies beplan, moet veral hierop let, aangesien geen leerder vir vakansiedoeleindes van geskeduleerde eksamens verskoon kan word nie. U samewerking in die verband word waardeer.

## LEERLING- EN BESTUURSLISENSIES

Ons besef dat dit moeilik is om afsprake vir leerders se leerling- en later hulle bestuurslisensies te kry. Ons versoek u egter om nie die afsprake op dae te maak wanneer geskeduleerde toetse geskryf word nie. (Sien skoolwebtuiste vir toetsdatums.) Leerders kan dus nie vir lisensie-afsprake van geskeduleerde toetse verskoon word nie.

## AANSOEKE VIR OORSESE SKOLE EN UNIVERSITEITE

‘n Groeiende getal leerders doen jaarliks aansoek vir toelating tot skole en universiteite oorsee. Hierdie instellings verlang ‘n dokument, algemeen bekend as ‘n “transcript” vir die aansoekproses. Neem asseblief kennis dat hierdie ”transcripts” teen ‘n bedrag van R300 voorsien sal word. Kontak die Hoof van Akademie in dié verband.

## AKADEMIESE TOP 3

Gebaseer op verlede jaar se promosiepunte, is die Top 3-leerders per graad soos volg:

**Graad 8 (2022)**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Lin-Mari Rudolph | 96.23% |
| 2. | Elmien van der Walt | 93.15% |
| 3. | Emma Otte | 92.31% |

**Graad 9 (2022)**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Renate Maré | 97.85% |
| 2. | Tiana Swart | 94.46% |
| 3. | Lucka Nieuwenhuis | 93.31% |

**Graad 10 (2022)**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Cara-Renette Ponting | 94.71% |
| 2. | Danielle Rossouw | 94.00% |
| 3. | Wihan Cilliers | 92.57% |

**Graad 11 (2022)**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Tertius Dekker | 92.86% |
| 2. | Ingrid Barnard | 92.57% |
| 3. | Simoné Swart | 92.00% |

## KRITERIA VIR AKADEMIESE TOEKENNINGS

Neem asseblief kennis van die kriteria vir akademiese toekennings vir graad 8 tot 12.

- Wit balkie — Gemiddeld van 80%
- Erekleure (Silwer) — Gemiddeld van 85%
- Erekleure (Goud) — Gemiddeld van 90%

# KULTUUR

## ALGEMEEN

Die oudisies vir die onderskeie kultuuraktiwiteite skop nou af en leerders word aangemoedig om aan soveel as moontlik van die kultuuraktiwiteite wat aangebied word, deel te neem aangesien ons later hierdie jaar 'n gala-konsert in die Staatsteater beplan.

Meer inligting oor oudisietye vir die revue, drama, Melodia en ensemble, asook vir die interne Afrikaans- en Engelsredenaarskompetisies, is op die webwerf beskikbaar. Vir meer inligting kan die onderskeie organiseerders ook gekontak word.

## ERKENNING VAN NIE-SKOOLAKTIWITEITE: KULTUUR

Ons wil graag erkenning gee aan leerders wat aan buitemuurse kultuuraktiwiteite deelneem en uitblink. U is welkom om enige bewys, inligting en/of sertifikate aan dr Steyn de Bod te stuur (sdebod@midstreamcollege.co.za).

### KLAVIER

Baie geluk aan Nico Gerber wat sy ABRSM-graad 5-klaviereksamen in 2022 met meriete geslaag het.

# SPORT

## ALGEMEEN

Die sportjaar het vroeg in Januarie reeds met 'n plaaslike atletiekoefenkamp (2 – 7 Januarie) en die Woerieweek vir die o. 15- en eerste krieketspanne afgeskop. Beide spanne het waardevolle ondervinding opgedoen en die hoogtepunt was die feit dat ons o. 15-krieketspan onoorwonne was teen sterk kompetisie – sien gerus die uitslae onderaan.

Die interhuisswem is reeds suksesvol afgehandel en die interhuisatletiek vind môre vanaf 08:30 plaas. Die interhuisprogram is op die skool se webtuiste onder die dagboek beskikbaar. Klik op die betrokke aktiwiteit.

Alle inligting rakende 'n spesifieke sportsoort is op die skool se webtuiste beskikbaar. Indien ouers enige navrae oor 'n sportaangeleentheid het, is hulle welkom om die betrokke organiseerder of die Hoof van Sport, mnr Henry Verster (hverster@midstreamcollege.co.za), te kontak.

## KRIEKET

Uitslae van die Woerieweek:

| Opponent | Uitslag | Kommentaar |
|---|---|---|
| **1ste** | | |
| Nelspruit | Nelspruit 280 almal uit<br>Midstream 178/7<br>Wedstryd gelykop | Jordan le Roux 3/39 in 12 beurte<br>Luke Wiseman 3/32 in 11 beurte<br>Jeanré Lourens 66<br>Janco van Heerden 40 |
| EG Jansen | Midstream 76/8<br>Reën – geen uitslag | |
| Centurion | Midstream 92 almal uit<br>Centurion 93/2<br>Verloor met 8 paaltjies | |
| Rustenburg | Rustenburg 155 almal uit<br>Midstream 156/2<br>Wen met 8 paaltjies | Janco van Heerden 4/24 in 7 beurte<br>Heinrich Gerber 59 n.u.n. |
| Eldoraigne | Midstream 74 almal uit<br>Eldoraigne 75/3<br>Verloor met 7 paaltjies | |
| **o. 15A** | | |
| Monument | Monument 155/7<br>Midstream 157/4<br>Wen met 6 paaltjies | Gerhard van der Westhuizen 106 n.u.n. |
| Zwartkop | Zwartkop 176/6<br>Midstream 177/6<br>Wen met 4 paaltjies | Jonathan Wiseman 3/27 in 6 beurte<br>Rickus Cilliers 39 |
| Monument | Midstream 117/6<br>Reën – geen uitslag | Gerhard van der Westhuizen 41<br>Rickus Cilliers 33 |
| Nelspruit | Nelspruit 216/8<br>Midstream 217/3<br>Wen met 7 paaltjies | Jonathan Wiseman 2/30 in 10 beurte<br>Dian de Villiers 88<br>Maarten Nortjé 60 |
| Nelspruit | Midstream 185/9<br>Nelspruit 77 almal uit<br>Wen met 108 | Gerhard van der Westhuizen 69<br>Schalk Langenhoven 3/12 in 6 beurte |
| EG Jansen | Midstream 241/7<br>EG Jansen 88 almal uit<br>Wen met 153 | Rickus Cilliers 60<br>Maarten Nortjé 45<br>Reuben Blom 28<br>Gerhard van der Westhuizen 3/12 in 5 beurte |

## SWEM

### INTERHUIS

**Spanuitslae:**

| | | |
|---|---|---|
| **1** | Old Kent | 371 |
| **2** | Hutton | 283 |
| **3** | Windsor | 237 |

**Individuele prestasies:**

| | |
|---|---|
| Junior Victor Ludorum | Adrian van Wyk |
| Junior Victrix Ludorum | Abigail Roberts |
| Senior Victor Ludorum | Michael Kleynhans |
| Senior Victrix Ludorum | Demi Jacobs |

## ERKENNING VAN NIE-SKOOLAKTIWITEITE: SPORT

Ons wil graag erkenning gee aan leerders wat in nie-skoolsportaktiwiteite uitblink. U is welkom om enige bewys, inligting en/of sertifikate aan mnr Henry Verster (hverster@midstreamcollege.co.za) te stuur.

### MUURBAL

Geluk aan Awande Malinga wat in die Desembervakansie aan die Britse Junior Ope deelgeneem het. Sy was aanvanklik ongekeur en eindig 37ste. Sy neem later vanjaar aan die Junior Wêreldvroue- en Spankampioenskappe in Melbourne, Australië deel.

### RUITERSPORT

Abigail Howarth het in Desember aan die internasionale virtuele dressage kompetisie vir SA deelgeneem en individueel 4de in haar ouderdomsgroep geëindig. SA het 1ste geëindig.

### SWEM

Verskeie van ons swemmers het gedurende die vakansie aan drie verskillende galas deelgeneem en goed presteer.

(*PB = Persoonlike Beste ; SANJ = SA Junior Tye;* SANAT = *Senior Nasionale Tyd)*

| | | |
|---|---|---|
| **Mayors-gala (2 – 4 Desember)** | | |
| Ethan Koen | 7 PB's; Nuwe vlak 2-tyd | |
| Lindi Claassen | 1 PB; 1 goud | |
| **NTS-gala (9 – 13 Desember)** | | |
| Caleb Ingram | 8 PB's; 2 nuwe SANJ-tye; 2 goud; 1 silwer; 3 brons | 3de plek in die 12-13 ouderdomsgroep |
| Paul Loubser | 6 PB's; 2 nuwe SANJ-tye; 1 silwer; 2 brons | |
| Jana Swiegers | 4 PB's; 2 brons | |
| Alika van der Merwe | 7 PB's; 1 nuwe SANJ-tyd; 1 brons | |
| Jemma van Wyk | 3 PB's; 2 nuwe SANJ-tye | |
| Grace Powell | 8 PB's; 1 silwer; 3 brons | |
| Xander du Toit | 4 PB's; 2 silwer; 2 brons; 2 brons vir aflos | |

| | | |
|---|---|---|
| Demi Jacobs | 4 PB's; 1 nuwe SANJ-tyd; 1 nuwe SANAT-tyd | |
| Adrian van Wyk | 5 PB's; 4 goud; 1 silwer | Rekords in 50 m-, 100 m- en 200 m- rugslag |
| **KZNA-gala Durban (17 – 22 Desember)** | | |
| Adrian van Wyk | 2 nuwe SANAT-tye; 3 goud; 1 brons | SA Kortbadrekordhouer in 200 m-rugslag vir seuns o. 14 |
| Xander du Toit | 2 PB's; 1 brons; 1 nuwe SANJ-tyd | |

**TENNIS**

Geluk aan Jayden Summers wat tydens die Desembervakansie baie goed in sy eerste o. 16-jaar presteer het.

| | | |
|---|---|---|
| **Growthpoint Kaapstad Super 8** | 3de plek enkelspel | 2de plek dubbelspel |
| **Growthpoint Wynlande Super 8** | 3de plek enkelspel | wenner dubbelspel |

KOM ONS KOMMUNIKEER:

Vir alle omsendbriewe, sowel as ander inligting, kan u ons besoek of kontak by:

- www.midstreamcollege.co.za
- Facebook (soek Midstream College)
- Instagram (midstream_college)

VOLGENDE OMSENDBRIEF

Donderdag 2 Februarie 2023